

# **HOOFSTUK 4**

## **ETNOGRAFIESE NAVORSING**

### **‘N METODOLOGIESE BEGRONDING**

#### **4.1. INLEIDING**

Ten einde ‘n studie as wetenskaplike navorsing te identifiseer, is dit vir elke navorser nodig om homself te verantwoord ten opsigte van ‘n spesifieke navorsingsmodel. In my navorsing het die post-moderne gedagterigting ‘n besliste impak gehad op die keuse van ‘n geskikte navorsingsparadigma. Die opsies van keuse het gelê tussen ‘n kwalitatiewe- of kwantitatiewe paradigma. Die een is teen die ander opgeweeg. Die aard en doel van navorsing bepaal primêr of ‘n kwalitatiewe- of kwantitatiewe navorsingsparadigma gebruik sal word. Ek het ‘n keuse vir die kwalitatiewe paradigma gemaak en dié keuse word in hierdie hoofstuk gemotiveer.

Die wese van die etnografiese navorsingsmetode word in dié hoofstuk aangesny en word die onderskeidende verdienstes van hierdie metodologie belig. Daar sal ook aangedui word hoe die etnografiese metodologie van die meer kwantitatiewe benadering verskil deur dit te evalueer teen die agtergrond van ‘n vergelykende studie tussen die kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings.

#### **4.2 KWALITATIEWE- VERSUS KWANTITATIEWE NAVORSING**

Voordat hierdie twee navorsingsparadigmas vergelykend teenoor mekaar gestel word, moet die histories-kulturele raamwerk van hierdie paradigmas eers kortliks geskep word.

Enige navorsingsparadigma het ‘n bepaalde filosofiese vertrekpunt. ‘n Filosofie is ‘n oortuigingsstelsel wat ‘n persoon aangaande die bestaan, die realiteit in die wêreld, die waarheid en kennis ontwikkel (Hessong & Weeks, 1991). In hierdie studie is ‘n filosofiese keuse ten gunste van die post-modernisme gemaak. Die term post-modernisme is eintlik selfverklarend. Dit

dui op die einde van 'n era, naamlik die tydperk van modernisme, en die begin van die tydperk daarna, te wete die post-modernisme. Die post-moderne wetenskapsfilosofie het sy geboorte gevind uit 'n kritiese reaksie op die moderne Westerse paradigma met sy klem op die sensories waarneembare data. Kritiese standpunt word ingeneem teenoor die fundamentalistiese prinsiep van die outonome rede – die Newtoniaanse rasionaliteitsmodel wat poneer dat sogenaamde objektiewe kennis outonoom bestaan en uitloop in 'n geslote universum. Hierdie post-moderne beweging beweeg weg van 'n positivistiese model van geslote kennisname na 'n oop-dinamiese kennissistiem met aanvaarding van openheid en onvoltooidheid van denke. Ruimte word geskep vir 'n verskeidenheid van waarheidsinterpretasies (Doll, 1989). Oor die soeke na waarheid skryf Newman en Benz (1998 : 45):

*“The notion of truth is problematic because truth becomes a social construct, idiosyncratic and situationally specific.”*

Volgens Vattimo (1988) kan daar nie van 'n skoon breuk tussen die modernisme en die post-modernisme gepraat word nie, maar eerder van 'n geleidelike oorgang van die een na die ander. Die neerslag van die post-modernistiese filosofie binne die Westerse beskawing kan toegeskryf word aan die Westerse beskawing se verskuiwing deur verskillende beskawingseras, byvoorbeeld van 'n modernistiese tydperk waar absolutisme vooropgestel is na 'n post-moderne era wat weer die relatiewiteit van entiteite aksentueer. Daar is dus volgens Vattimo (1988) 'n korrelasie tussen die post-modernisme en die kulturele klimaat in 'n gemeenskap.

Navorsers raak by enige vorm van metodologiese besinning deeglik bewus van die spanning wat daar heers tussen wetenskapsienings wat enersyds gegrond is op die natuurwetenskappe en andersyds idees van hoe die mens en sy sosiale wêreld ten beste bestuur kan word. Daar het as't ware spanning tussen hierdie twee wêrelde ontstaan. Hierdie spanning het tot 'n noodwendige keuse tussen twee teenstrydige paradigmas gelei, te wete die positiwisme en naturalisme of humanisme. Positiwisme het die status van die eksperimentele navorsing en die kwantitatiewe vorms van analise wat sinoniem is daaraan, sterk gepromoveer. Navorsers wat 'n kwalitatiewe

navorsingsparadigma gevolg het, het stelling ingeneem teenoor die navorsers met 'n kwantitatiewe paradigma. Hieroor skryf Newman en Benz (1998 : 2):

*“Qualitative and quantitative research have philosophical roots in the naturalistic and the positivistic philosophies, respectively. Virtually all qualitative researchers, ... reflect some sort of individual phenomenological perspective. Most quantitative research approaches ... tend to emphasize that there is a common reality to which people can agree.”*

Die epistemologiese kloof wat daar ontstaan het tussen die kwantitatiewe- en kwalitatiewe navorsers, word ook deur Newman en Benz (1998 : 2) verwoord:

*“The debate between qualitative and quantitative researchers is based upon the differences in assumptions about what reality is and whether or not it is measurable. The debate further rests on differences of opinion about how we can best understand what we ‘know’, whether through objective or subjective methods.”*

Die positiwisme met sy gepaardgaande kwantitatiewe navorsingsparadigma berus volgens Hammersley en Atkinson (1983) op die volgende beginsels:

- Die fisiese wetenskap, vervat in terme van die logika van die eksperiment, dien as model vir geesteswetenskaplike navorsing. Kwantifiseerbare veranderlikes kan hiervolgens so gemanipuleer word dat die verhouding tussen hulle duidelik word. Die kwantitatiewe navorser maak wat respondente betref van groot getalle in 'n verteenwoordigende steekproef gebruik. Die universum of 'n verteenwoordigende steekproef, word betrek. Slegs enkele veranderlikes word by die navorsing betrek met as doel die neerlê van verbande tussen die veranderlikes. Die metodologie van die geesteswetenskappe is dus gebaseer op dié van die natuurwetenskappe waar die benadering meer geformaliseerd en eksplisiet gekontroleerd is.

- Gebeure word deduktief verklaar in terme van universele wette. Waarskynlikheid en veralgemeenbaarheid van bevindinge vorm die kruks van navorsing.
- Daar word groot klem geplaas op standaardisering van observasie-prosedures om neutrale observasie te bevorder. Objektiviteit, kontrole en neutraliteit is sleutelbegrippe in hierdie benadering.
- Inherent aan positiwisme is die gedagte dat navorsing in wese hipotese-toetsing beteken. Die navorser moet dus oor die insig beskik om reeds vooraf te kan raai wat die uitkoms van die navorsing behoort te wees aangesien hy net dit kan toets wat reeds vermoed word.

In hierdie benadering is die navorser se rol dié van 'n objektiewe waarnemer wie se betrokkenheid by die bestudeerde verskynsel beperk is tot dit wat nodig is om die nodige data te verkry (Ferreira, 1994).

In reaksie op dié benadering het 'n alternatiewe siening oor die ware aard van geesteswetenskaplike navorsing ontwikkel. 'n Wetenskapsbeeld wat as naturalisties of humanisties beskryf kan word met sy gepaardgaande kwalitatiewe navorsingsparadigma, het ontwikkel en berus op die onderstaande beginsels:

- Getrouheid aan die verskynsel onder bestudering en nie aan enige metodologiese beginsel nie, word as voorvereiste gestel.
- Sosiale verskynsels verskil in wese van natuurverskynsels. Sosiale verskynsels moet onversteurd deur die navorser in 'n natuurlike omgewing bestudeer word. Die kwalitatiewe navorser beweeg uit die laboratorium uit in die veld in waar die verskynsel aangetref word. Natuurlike omstandighede is die primêre bron van inligting. Kunsmatige omstandighede wat deur eksperimentele prosedures geskep word, is dus nie deel van die modes operandi nie. Menslike gedrag moet volgens die naturalisme altyd in konteks verstaan word.

Die mens kan dus nie uit sy natuurlike omgewing geneem word en in 'n kunsmatige simulاسie daarvan bestudeer word nie (Creswell, 1998).

- In 'n kwalitatiewe navorsingsparadigma oorleef 'n fundamentalistiese ingesteldheid wat kenmerkend van die modernisme is, nie. Die voorkoms van absolute waardes en die oorbeklemtoning van die rede, is dus nie tuis binne die kwalitatiewe navorsingsaanslag nie. 'n Anti-fundamentalistiese ingesteldheid wat eie is aan die post-modernisme en kwalitatiewe navorsing, skep die moontlikheid vir kreatiewe denke wat tot 'n veelheid van interpretasiemoontlikhede lei. Die komplekse werklikheid word dienooreenkomstig makliker hanteer (Du Toit, 1988).
- Waar die positivistiese benadering hipotesetoetsing met behulp van eksperimentele navorsing onderstreep, word navorsing in die naturalistiese benadering andersyds as 'n ontdekkingsproses beskou.
- Kwalitatiewe navorsing, in teenstelling met kwantitatiewe navorsing, beskou die "proefpersone" as subjekte en nie as objekte waarvan die verkreeë resultate ontleed en verwerk moet word nie. In kwalitatiewe navorsing handel dit oor die subjektiewe belewing van die subjek of persoon. Die kwalitatiewe navorser maak op min subjekte, maar 'n multi-dimensionele hoeveelheid veranderlikes staat (Badenhorst, 1995).

By kwalitatiewe navorsing is die prosedure nie so streng geformaliseer nie, is die reikwydte meer grensloos en word daar op 'n meer filosofiese wyse te werk gegaan. Navorsing wat kwalitatief gedoen word is geskoei op begrip vir die respondent in die situasie waarbinne hy betrokke is (Howe, 1988).

Die kwantitatiewe navorser fokus op optimale objektiwiteit asook die toetsing van die geldigheid van dit wat ons dink ons waarneem. Kwalitatiewe navorsing, daarenteen, konsentreer egter meer op die subjektiewe begrip van die dieper betekenis van menslike ervarings. Daar word gepoog om die rykheid van mense se subjektiewe leefwêreld te ontdek (Ruben, 1989).

‘n Belangrike eienskap van kwalitatiewe navorsing is dat inligting in ‘n vertellende of verhalende vorm verskaf word. Daar word dus selde of ooit van statistiese voorstellings, grafieke of histogramme gebruik gemaak soos by kwantitatiewe navorsing wat die numeriese of syferwaardes betrek. Volgens Swart (1994) verwys kwalitatiewe navorsing na betekenis, konsepte, eienskappe, metafore, simbole en beskrywings van fenomene wat nie deur numeriese data oorheers word nie, maar hoofsaaklik deur middel van linguïstiese data uitgevoer word.

Lippert (1994 : 1) spreek haarself as volg uit oor kwalitatiewe navorsing:

*“Qualitative researchers seek to understand the non-quantifiable (e.g. perceptions, opinions, feelings). Sample sizes tend to be much smaller because depth, rather than breadth, is sought. Descriptive data is collected and non-parametric statistics applied. Investigation of the multitude of complex interactions between various variables is the aim. The driving force is a set of research questions and the final outcome is insight and empathy.”*

Dit is duidelik dat die kwantitatiewe- en kwalitatiewe navorsingsparadigmas in verskeie belangrike opsigte verskil. Die vernaamste van dié verskille word in tabel 4.1 uiteengesit.

Wat hierdie navorsing betref, is ‘n keuse uitgeoefen vir die kwalitatiewe navorsing. Die getal deelnemers van ses aan hierdie navorsing het bygedra tot hierdie keuse waar kwalitatiewe navorsing juis na waarhede en realiteite soek binne veel kleiner kontekste. As navorser kan ek nie daarop aanspraak maak dat ek ‘n monopolie op ‘n universele waarheid het nie. Die uitdaging van die navorsing is om saam met elke proefpersoon ‘n waarheid volgens die kwalitatiewe navorsingsparadigma binne ons leefwêreld te skep. Hierdie studie is essensieel ontdekkend van aard met ‘n hoë motiveringswaarde.

**Tabel 4.1 Kwantitatiewe- en kwalitatiewe navorsing: metodologiese model (Ferreira, 1994 : 5)**

<b>KWANTITATIEWE NAVORSING</b>	<b>KWALITATIEWE NAVORSING</b>
<b>1. Doel van navorsing</b>	
<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ 'n soeke na 'n verklaring van gebeure of verskynsels deur die vasstelling van die oorsake daarvan</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ 'n soeke na kontekstuele "verstaan"</li> </ul>
<b>2. Hipotese</b>	
<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ word eksplisiet gestel en behoort vooraf geformuleer te word</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ geen, of word in die vorm van 'n algemene navorsingsdoel gestel;</li> <li>❖ ontwikkel tydens ondersoek;</li> <li>❖ dikwels nie verwerpbaar nie</li> </ul>
<b>3. Konsepte</b>	
<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ eenduidige betekenis;</li> <li>❖ definitief geïdentifiseerde terme;</li> <li>❖ vir meting</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ surplus betekenis</li> <li>❖ gesensitiseerde konsepte en/of betekenisvolle sketse;</li> <li>❖ vir etikettering</li> </ul>
<b>4. Data-insamelingsprosedures en meting</b>	
<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ word vooraf opgestel en op 'n gestandaardiseerde wyse toegepas; meting fokus op spesifieke veranderlikes en statistiese metodes word vir die analise gebruik;</li> <li>❖ objektiewe meetinstrumente;</li> <li>❖ dataversameling- en analise vind afsonderlik plaas</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ word op ongestruktureerde wyse geïmplementeer soos die ondersoek vorder;</li> <li>❖ statistiese metingsmetode word nie aangewend nie;</li> <li>❖ subjektiewe oordeel;</li> <li>❖ dataversameling- en analise vind tegelykertyd plaas</li> </ul>
<b>5. Aard van verkreeë inligting</b>	
<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ numeriese telling van kliëntegedrag, dit wil sê graderings van kliënte se houdings of gesindhede</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ gebaseer op vertellings / vertellende beskrywings van kliëntegedrag</li> </ul>
<b>6. Rol van navorser</b>	
<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ navorser verkry slegs die voorgeskrewe inligting en vermy om eie indrukke of interpretasies weer te gee.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ navorser neem in 'n mindere of meerdere mate deel aan die aktiwiteite van sy respondente</li> </ul>
<b>7. Retoriek</b>	
<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ manipulasie deur woorde moet vermy word want die feite moet vir hulself spreek;</li> <li>❖ strak styl word gebruik</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ 'n verbale beskrywing in alledaagse taal gee normaalweg die lewensituasie van die respondente uitvoerig weer</li> </ul>
<b>8. Verslaggewing</b>	
<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ empiriese navorsingsverslag;</li> <li>❖ getabuleerde statistiese gegewens vorm die kern van die verslag</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>❖ verslag neig grootliks na beskrywings wat getrou bly aan die belewenisse van die subjekte;</li> <li>❖ verbatumaanhalings uit die lewensituasie van die subjekte word deurgaans aangebied</li> </ul>

Die sosiale wêreld, waarin die mens sentraal staan, kan volgens die naturaliste en dus die kwalitatiewe navorsingsparadigma nie verklaar word in terme van oorsaaklike verhoudings en voorveronderstelde gebeure volgens universele wette nie. Menslike handeling word voortgestu deur sosiale betekenis, motiewe, houdings en oortuigings. Mense reageer nie suiwer op die fisiese omgewing nie, maar interpreteer stimuli in terme van hulle eie betekenis wat daaraan geheg word. Om hierdie betekenis behoorlik te begryp, moet die navorser die kultuur van die bepaalde groep deeglik verstaan – wat nie altyd moontlik is wanneer sogenaamde gestandaardiseerde prosedures gebruik word nie. Die doelwit van dié navorsing is dan ook nie om statistiese data hieruit te verkry nie. Die fokus is op gesprek met die ses subjekte en op die realiteite en waarhede wat binne die gesprek geskep word en nie op objektiewe bevindinge soos wat by kwantitatiewe navorsing die geval is nie.

Die kind word nie met die badwater uitgegooi wanneer die kwalitatiewe navorsingsparadigma bo die kwantitatiewe paradigma verkies word nie. Inteendeel, die waarskuwing van Dreyer (1998 : 23) word ter harte geneem:

*“Whether one conducts quantitative or qualitative research, one has to be both insider and outsider, engages participant and detached observer.”*

Die kwalitatiewe- en kwantitatiewe navorsingsparadigmas hoef nie noodwendig onderling uitsluitend te wees nie. Die een kan die ander in navorsing komplimenteer. In hierdie studie is daar egter ‘n keuse gemaak vir die kwalitatiewe navorsingsparadigma soos wat reeds gemotiveer is en in die loop van die hoofstuk verder gemotiveer sal word.

Verskeie terme word met die konsep “kwalitatief” in verband gebring en word daar verskeie sinonieme gebruik vir die kwalitatiewe navorsingstyl in die literatuur. Newman en Benz (1998 : 9) skryf as volg hieroor:

*“Qualitative research methods are those generally subsumed under the heading ethnography. Other headings and names include case*



*studies, field studies, grounded theory, document studies, naturalistic inquiry, observational studies, interview studies, and descriptive studies.”*

Hierdie terme moet myns insiens nie as sinonieme nie, maar eerder as verskillende invalshoeke op die kwantitatiewe navorsingsparadigma gesien word. “Kwalitatief” is ‘n omvattende term wat aandui dat navorsing die kwaliteite van menslike optrede en handeling benadruk. Eerder as om ‘n omskrywing vir die term “kwalitatief” te gee, sal daar vlugtig stilgestaan word by enkele terme wat gewoonlik as sinonieme vir “kwalitatief” gebruik word en wat elk ‘n ander aspek daarvan beklemtoon.

Daar word vervolgens gedefinieer na ‘n aantal van hierdie termes gekyk (Ferreira, 1994).

- **VELDNAVORSING**

Hierdie navorsing impliseer dat hierdie tipe navorsing gewoonlik uitgevoer word in die natuurlike habitat of konteks van die persone wat bestudeer word. Die navorser word dus deel van die leefwêreld van die persone wat bestudeer word.

- **NATURALISTIESE NAVORSING**

’n Sterk voorskrif by naturalistiese navorsing is dat dit wat ondersoek word, nooit gemanipuleer mag word nie. Voorts moet vooropgestelde idees waarmee die navorser die besondere verskynsel wil ondersoek, sover moontlik beperk word.

- **INTERPRETATIEWE NAVORSING**

Die term interpretatief verwys daarna dat dit in navorsing nie daaroor gaan om menslike gedrag te verklaar aan die hand van algemeen

geldende wette nie. Daar moet eerder 'n greep gekry word op die betekenis en simbole wat mense se handeling onderlê.

- GEVALLESTUDIE

Hierdie navorsingsbenadering dui op 'n idiografiese, holistiese of kontekstuele navorsingstrategie wat impliseer dat die oogmerk met hierdie navorsing nie is om na groot populasies te veralgemeen nie, maar eerder om 'n enkele geval of 'n beperkte aantal gevalle indringend en in diepte te ondersoek. Babbie (1992 : 9) definieer 'n gevallestudie as volg:

*“Perhaps the most natural technique for doing social research involves simply going where the action is and observing it. This is, in fact, a well-established social research method.”*

- ETNOGRAFIESE NAVORSING

Daar is 'n groot verskeidenheid definisies en beskrywings van etnografie wat in die literatuur aangetref word. Dié navorsingsmetode dui veral op die oorheersend beskrywende aard van kwalitatiewe navorsing.

Binne die kader van die kwalitatiewe navorsingsparadigma, is daar in hierdie navorsing etnografies te werk gegaan – 'n aspek wat vervolgens bespreking geniet.

#### **4.3 'N POSTMODERNE WETENSAPSFILOSOFIESE VERANTWOOR- DING VAN DIE ETNOGRAFIESE NAVORSINGSMETODIEK**

Die etnografiese navorsingsmetode gaan akkoord met die nuwe wetenskapsfilosofie. Juis waar die post-moderne denkriktig klem lê op die beskrywende, vorm dit 'n gunstige klimaat vir die etnografiese navorsingsmetode.

Daar is volgens die nuwe weteskapfilosofie nie iets soos 'n absolute, objektiewe waarheid losstaande van die persoon wat daarna kyk nie. Volgens post-moderne beginsels word die bestaan van objektiewe realiteite, absolute kennis en absolute waarhede bevraagteken (Griffith & Griffith, 1990). Daar is volgens Gergen en Gergen (1991) geen wyse waarop 'n waarnemer 'n waarnemervrye, objektiewe waarneming kan maak nie. Waarheid, realiteit en kennis bestaan dus nie objektief nie, maar kan beskou word as 'n produk of konstruk van sosiale interaksie. Heshusius (1991) is 'n kampvegter vir 'n holistiese paradigma waarbinne die interverbondenheid en interafhanklikheid van alle gebeure erken word. Hiervolgens is die waarnemer en dit wat waargeneem word, onlosmaaklik verbind. Die navorser self gee betekenis aan dit wat hy waarneem, formuleer en as 'wetenskap' beskou. Die kwalitatiewe benadering pas binne hierdie kader en daar sou moeilik 'n metode gevind kan word wat meer versoenbaar is met hierdie filosofie as etnografie (Du Toit, 1993).

#### 4.3.1 HISTORIESE AGTERGROND VAN ETNOGRAFIESE NAVORSING

Etnografie as 'n navorsingsmetode word reeds sedert die laaste gedeelte van die negentiende eeu as metode in die antropologie gebruik waar stamme deur direkte waarneming in hul natuurlike omgewing bestudeer word. (Best & Kahn, 1986). Die woord etnografie is morfologies betekenisdraend vir "*die wetenskaplike beskrywing van volke*" (Odendaal, *et al.*, 1994). Aanvanklik het dit veral bestaan uit gesprekvoering, deelnemende waarneming en die gebruik van informante om die kulturele kenmerke van primitiewe stamme te bestudeer. Inligting is ingewin deur waarneming van gedragpatrone, van verbale en nie-verbale interaksie tussen groepslede en tussen die navorser en sy informante.

Daar het egter met verloop van tyd 'n klemverskuiwing gekom en is etnografie as 'n navorsingsmetode nie net meer vir die bestudering van primitiewe volke aangewend nie. Dié navorsingsmetode het aansien onder navorsers begin geniet wat hedendaagse verskynsels in komplekse gemeenskappe navors. Die klem het nie net meer op die groep geval nie, maar op die rol van die individu binne die groep.

Dit is egter eers vanaf die tagtigerjare dat etnografiese navorsing as wetenskaplike metode erkenning gekry het as 'n waardevolle en bruikbare metode in die bestudering van menslike gedrag (Spindler & Spindler, 1987).

#### 4.3.2 KENMERKE VAN ETNOGRAFIESE NAVORSING

Etnografiese navorsing is getrou aan sy eie karakteristieke eienskappe en word vervolgens aan die hand van Hammersley (1990) se uiteensetting, opgesom:

- Menslike gedrag word eerder in gewone alledaagse omstandighede bestudeer as onder eksperimentele omstandighede. Die natuurlike milieu word so min moontlik deur die navorser versteur en word konteks nie deur etnografiese navorsing geskep of verander nie. Navorsing word dus in 'n onversteurde opset gedoen sodat die gang van die werklike lewe nie versteur word nie. Menslike gedrag vind binne 'n konteks plaas en kan nie daarbuite begryp word nie.
- Die navorsingstrategie is betreklik ongestruktureerd in soverre daar nie aan die begin 'n vaste program uitgewerk word waarvolgens die navorsing geskied nie. Dit beteken egter nie dat die navorsing onsistematies is nie. Navorsing vind plaas sonder voorveronderstellings of hipoteses. Bestaande teorieë word tydens navorsing erken en nuwe teorieë word ontwikkel. Geen gedetailleerde ontwerp van die studie word voorberei nie. Sodoende kan alternatiewe weë gevolg word namate die navorsing vorder. Keeves (1988 : 19) word in dié verband as volg aangehaal:

*"The purpose of inquiry is to advance understanding and to formulate theory directly from observation. As a consequence, every attempt is made to avoid being constrained by predetermined design."*

- 'n Verskeidenheid van metodes word gebruik om data in te win, waarvan deelnemende waarneming en gesprekvoering die belangrikste is.
- Die studieveld is gewoonlik klein.
- Die data-analise behels gewoonlik die interpretasie van betekenis van gedrag in die vorm van verbale beskrywings en verduidelikings. Kwantifisering en statistiese analise speel 'n ondergeskikte rol.

#### 4.3.3 VOORDELE VAN ETNOGRAFIESE NAVORSING

Etnografiese navorsing is 'n eerlike en suiwer benadering met 'n vars en 'n innoverende invloed op die navorsingsteorie. Mitchell (1985 : 95) stel dit soos volg:

*“There is ample scope for the more detached researcher to push forward the frontiers of our thinking. Following the exacting research procedures required for academic acceptance is the most straightforward aspect of research; what we also need is the intuitive thinking which sees fresh questions which need answering.”*

Etnografiese navorsing is 'n plooibare navorsingsbenadering wat besonder buigbaar en soepel is. Aangesien daar nie vooraf uitgebreide veldwerk-ontwerp nodig is nie, kan die strategie en selfs die rigting van die navorsing relatief maklik verander word na gelang van nuwe inligting wat beskikbaar word. Nuwe idees kan vinnig opgevolg word en die teorie kan ontwikkel en uitbrei (Best & Kahn, 1986).

Waar kwantitatiewe navorsing dikwels betekenis inboet ter wille van die insameling van betroubare en veralgemeenbare data, is etnografiese navorsing meer geskik om die betekenisvolle dinamiek in 'n situasie bloot te lê (Slavin, 1984). Intensiewe bestudering, soos by etnografie, lig besonderhede

uit wat andersins verlore kon gaan. Hierdie besonderhede kan lei tot die ontdekking van ervarings en gebeure in die proefpersoon se verlede wat sy huidige gedrag beïnvloed. Vollediger en ryker gegewens word sodoende verkry. Sodanige ryker data lei nie alleen tot beter begrip van die subjektiewe leefwêreld van subjekte nie, maar bring ook mee dat etnografe 'n meer simpatieke meelewing met subjekte het.

#### 4.3.4 KRITERIA BY DIE BEOORDELING VAN ETNOGRAFIESE NAVORSING

Navorsingsresultate is van geen waarde as die metode wat gebruik word, nie legitiem is nie. By kwantitatiewe navorsing word die sukses van navorsing bepaal deur die geldigheid, betroubaarheid en toepaslikheid van navorsingsresultate. Wat kwalitatiewe navorsing aanbetref, voel ek sterk daarvoor dat dieselfde kriteria die kwaliteit van kwalitatiewe navorsing moet verhoog en stem ek saam met Silverman (1993 : ix):

*“I insist in the relevance of issues of validity and reliability to field research: we cannot be satisfied with ... ‘telling convincing stories’.”*

Geldigheid, betroubaarheid en toepaslikheid as kriteria word vervolgens bespreek.

##### 4.3.4.1 *Geldigheid*

Geldigheid word deur Dobbert (1982 : 259) omskryf as *“the degree to which the research results reflect a clear, representative picture of a given situation.”*

Die doel van die geldigheidskriterium is om te demonstreer dat die ondersoek sodanig verloop het dat die onderwerp akkuraat geïdentifiseer en beskryf is (Marshall & Rossman, 1989). Kwalitatiewe navorsing kan maklik as subjektief, onbetroubaar en ongeldig beskou word, maar 'n in diepte beskrywing wat die kompleksiteit van die veranderlikes en interaksies verhelder, sal so verryk wees met data vanuit die situasie dat dit nie anders as geldig kan wees nie. Volgens Kvale (1989) word die vraagstuk van

geldigheid beantwoord deur op die filosofie van die waarheid wat dit onderlê, te let. Die vestiging van 'n ketting van bewysvoering is 'n belangrike geldigheidsmaatreël wat deur enige etnograaf nagestreef behoort te word.

Krefting (1991) poneer dat 'n kwalitatiewe studie geldig is wanneer dit 'n akkurate beskrywing of interpretasie van menslike ervaring sodanig weergee dat persone wat die ervaring deel, onmiddellik met die beskrywing sal identifiseer. Die ondersoekpersone moet volgens Merriam (1991) self ook die geldigheid van bevindinge bevestig. 'n Ander geldigheidsmaatreël is dat die beskrywing so dig en ryk beskryf behoort te wees dat dit die leser in staat sal stel om die bewysvoering te volg vanaf die probleemstelling tot by die gevolgtrekking.

Die geldigheid van etnografiese aansprake behoort volgens Hammersley (1990) aan die volgende kriteria te beantwoord:

- Die eerste kriterium wat ten opsigte van enige etnograaf se aansprake toegepas moet word, is die van aanneemlikheid. Onder aanneemlikheid word verstaan dat die aansprake van die etnograaf in die lig van bestaande kennis, waarskynlik is.
- Die tweede kriterium is dié van geloofwaardigheid. Hieronder word veronderstel dat die etnograaf se oordeel in verwante aangeleenthede, met inagneming van onder andere die aard van die verskynsel en die omstandighede waarin die navorsing plaasvind, korrek is.

#### 4.3.4.2 *Betroubaarheid*

Hammersley (in Silverman, 1993) omskryf betroubaarheid as volg:

*"... the degree of consistency with which instances are assigned to the category by different observers or by the same observer on different occasions."*

Dobbert (1982 : 259) sien betroubaarheid as “*a measure of the replicability of the research results.*”

‘n Studie kan dus as betroubaar beskou word as herhaalde waarnemings in dieselfde studie of ‘n herhaling van die studie gedupliseerde resultate tot gevolg het.

Die betroubaarheid van ‘n kwalitatiewe studie word weerspieël deur die noukeurige dokumentering van die navorsingsprosedures en -konteks. Dit behoort so operasioneel moontlik beskryf te word sodat dit vir ander navorsers toeganklik kan wees (Yin, 1989). Dit behels dan ook volgens Merriam (1991) dat die navorser sy posisie eksplisiet moet stel. Dit word alleenlik bereik deur die presiese formulering van die aannames wat onderliggend aan die studie is, die akkurate stel van die posisie van die navorser teenoor die persone wat ondersoek word, die gedetailleerde beskrywing van die wyse van seleksie van die steekproef en ook ‘n volledige beskrywing van die konteks waarin die data ingesamel is.

#### 4.3.4.3 *Toepaslikheid*

Die etnograaf kan maklik in die strik beland om bloot ‘n verskynsel te beskryf. Die etnografiese verslag moet op ‘n bepaalde publiek gerig wees vir wie die bevindinge van waarde kan wees. Die data mag dus nie maar net ‘n versameling van feite wees nie, maar moet betekenisvol wees.

Volgens Hammersley (1990) moet etnografiese navorsing, om die toets van toepaslikheid te slaag, aan twee kriteria beantwoord:

- Die navorsingsonderwerp moet van openbare belang wees – al sou bevindinge op ‘n gefokusde groep gerig wees.
- Die bevindinge moet ‘n definitiewe bydrae maak tot bestaande kennis. Navorsing wat bloot bevestig wat alreeds bo alle redelike twyfel aanvaar word, maak geen bydrae nie.



Dit is die etnograaf se verantwoordelikheid dat sy navorsing moet oortuig van die belangrikheid daarvan en van die waarde van sy bevindings. Volgens Hammersley (1992) verskaf die relevansie of toepaslikheid van die navorsing juis die geldigheid daarvan.

#### 4.3.5 ETIESE IMPLIKASIES VAN ETNOGRAFIESE NAVORSING

Alle wetenskaplike navorsing moet vanuit 'n morele oogpunt aan bepaalde etiese standaarde voldoen. Omdat etnografe in 'n meer persoonlike en intieme verhouding staan met die subjekte in die studie, is die etnograaf se verantwoordelikheid in terme van etiese verantwoordelikheid, groot. Fetterman (1998 : 129) stel dit treffend:

*“Ethnographers do not work in a vacuum, they work with people. They often pry into people’s innermost secrets, sacred rites, achievements, and failures. In pursuing this personal science, ethnographers subscribe to a code of ethics that preserves the participants’ rights, facilitates communication in the field, and leaves the door open for further research.”*

Die etiese kriteria vir etnografiese navorsing wat hierna volg, is 'n kriptiese verwerking van die standpunte van Dobbert (1982). Die kriteria wat ter sprake kom is eerlikheid, vertroulikheid en verantwoordelikheid.

##### 4.3.5.1 *Eerlikheid*

Eerlikheid vereis dat die etnograaf aan die voornemende subjekte die doel van die navorsing te kenne sal gee en die verloop van die navorsing sal verduidelik. Daar moet ook in eerlikheid gekommunikeer word wie toegang sal hê tot die navorsingsresultate en watter moontlike risiko's die navorsing vir die subjekte mag inhou.

Op 'n ander niveau van eerlikheid lê die etnograaf se verantwoordelikheid om onafhanklik op te tree in die navorsing en dat die etnograaf homself daarvan sal weerhou om 'n bepaalde standpunt te probeer regverdig. Getrou aan die

wese van die etnografiese metode moet daar gepoog word om onbevooroordeeld en eerlik te bly soek na die waarheid.

#### 4.3.5.2 *Vertroulikheid*

Wat vertroulikheid aanbetref, kan daar drie belangrike aspekte uitgelig word:

Eerstens moet die navorser anonimiteit aan die subjekte waarborg. Dit geld ook vir instansies soos skole waar die navorsing gedoen word. Dit word verseker deur die name van persone en instansies te verander en om feite wat tot die identifisering van persone en instansies kan lei, te verbloem.

Tweedens moet alle inligting wat die navorser bekom, streng vertroulik hanteer word. Geen inligting mag met enige ander persone buite die navorsingspan gekommunikeer word nie. Niemand anders mag ook toegang verkry tot rekords van inligting, soos notas, oudio- en video-opnames nie.

Derdens mag die navorser niks bekend maak of publiseer wat tot nadeel van die subjekte of die groep waaraan hulle behoort, kan strek nie.

#### 4.3.5.3 *Verantwoordelikheid*

Die etnograaf moet homself wetenskaplik kan verantwoord deur te verseker dat hy so min as moontlik inbreuk maak op die privaatheid, tyd en normale gang van sake in die lewens van die persone wat by die navorsing betrek is. Die etnograaf moet homself sover moontlik weerhou van die uitsprake van eie menings en moet nie poog om koersaanpassings by subjekte te probeer bewerkstellig deur byvoorbeeld morele uitsprake nie. Die etnograaf moet in sy navorsing ook alle moontlike gevolge van die navorsing en die resultate daarvan probeer voorsien en sorg dra dat dit nie tot nadeel van die deelnemers strek nie.

Die ander kant van die verantwoordelikeheidsmunt is 'n realistiese selfevaluering van die navorser se eie aksies. Indien die navorser in sy menslike feilbaarheid 'n fout sou maak, moet hy die nodige integriteit aan die

dag lê en eerlik genoeg wees deur die fout so ver moontlik reg te stel. Dobbert (1982 : 80) stel dit as volg:

*“A researcher who has made a moral or ethical blunder, as defined by professional ethical standards or by the people being studied, must be willing to own up to the consequences of the blunder and to apologize and make restitution if that is appropriate.”*

Die etnograaf se groot verantwoordelikheid lê daarin dat die navorsing uiteindelik moet uitloop op 'n openbare verslag wat tot die verbreding van kennis en praktykverbetering kan lei. Die woorde van Dobbert (1982 : 80) verdien weer hier vermelding:

*“The minimum standard of responsibility is that science, and through science, humanity in general should benefit from such interference.”*

#### 4.3.5.4 Gedeelde voordele

Navorsing bevoordeel nie altyd net die wetenskap nie. Die navorser ontvang ook bepaalde dividende, soos byvoorbeeld 'n graad, promosie of erkenning. Dit skep die finale vereiste vir die etiek by etnografiese navorsing. Die navorser moet aan die subjekte wys op die moontlike voordele wat die navorsing vir die navorser sal inhou en in ruil daarvoor waardetoevoeging aanbied vir die subjekte soos byvoorbeeld belangrike inligting wat tot persoonlike groei en -ontwikkeling by subjekte kan lei.

Die finale woord oor die etiek by etnografie word gerig deur Fetterman (1998 : 146):

*“Ethics guide the first and last steps of an ethnography. Ethnographers stand at ethical crossroads throughout their research. This fact of ethnographic life sharpens the senses and ultimately refines and enhances the quality of the endeavor.”*

#### 4.3.6 DIE ROL VAN DIE ETNOGRAAF

Die rol wat die etnograaf speel is van deurslaggewende belang in die sukses en geloofwaardigheid van enige etnografiese studie. Hierdie aspek geniet vervolgens bespreking.

##### 4.3.6.1 *Deelnemende navorser*

Om die verskynsel wat bestudeer word, in sy natuurlikste habitat te kan beskou, is dit die ideaal dat die navorser deel word van die wêreld wat bekyk word. Die etnograaf kan nie geïsoleer van die situasie wat ondersoek word, funksioneer nie.

##### 4.3.6.2 *Die etnograaf as student van die alledaagse*

'n Etnograaf kan vergelyk word met 'n speurjoernalis wat onderhoude voer met betrokke persone, rekords nagaan, die geloofwaardigheid van een persoon se mening teen dié van 'n ander se mening opweeg, die soek na verbande met spesiale belange en om 'n storie te skryf vir 'n geïnteresseerde publiek sowel as vir professionele kollegas. 'n Baie belangrike verskil tussen die taak van 'n etnograaf en 'n speurjoernalis is dat waar die joernalis op soek is na die ongewone – die moorddrama, vliegtuigongeluk of bankroof – daar is die etnograaf op soek na dit wat in die gewone daaglikse gang van mense se lewens gebeur (Fetterman, 1998). Om in hierdie doel te slaag, moet die etnograaf juis gewone, alledaagse situasies in mense se lewens betree en nie kunsmatige of eksperimentele situasies nie.

##### 4.3.6.3 *Bevooroordeelde waarnemer*

Die etnograaf betree navorsing met 'n oop gemoed, maar is nog steeds geklee in 'n bepaalde kulturele agtergrond en beskik oor 'n eie idiosinkrasie. Hy kom vanuit 'n bepaalde wetenskaplike dissipline met 'n bepaalde opleiding. Vanuit hierdie agtergrond het hy 'n bepaalde probleem geïdentifiseer. Die etnograaf as mens kan homself moeilik losmaak van sy

agtergrond. Die implikasie hiervan is dat hy bepaalde vooropgestelde idees en vooroordele het – soos enige navorsers in enige veld (Collins, 1992).

Om die negatiewe impak van vooroordeel teen te werk, is dit nodig dat die etnograaf sy vooroordele duidelik stel en sy eie optrede oopstel vir beoordeling van ander deelnemers aan die situasie. Die etnograaf moet bewustelik maatreëls in plek stel om die invloed van sy vooroordele maksimaal te beperk. Voorts moet die etnograaf die moontlike invloed in ag neem wanneer hy sy data analiseer. Filosofiese analise is dus 'n integrale deel van navorsingsprosedures.

#### 4.3.6.4 *Metakognitiewe waarnemer*

Ontwikkelinge in die kognitiewe sielkunde lê sterk klem op die bewuswees van en kontrole oor denkprosesse deur die meta-self en hou die konsep meta-kognisie verreikende implikasies in vir die navorser. Die navorser se vermoë om bewustelik self-regulerend, self-moniterend, self-kontrolerende en self-evaluerend te werk te gaan, word deur Henning (1991 : 99) vergelyk met die rol van 'n ambudsman "*who keeps a watchful eye on proceedings*". Tydens dataversameling, waarneming en onderhoudvoering moet die navorser homself deurgaans as't ware van 'n afstand af dophou. Sodoende word verseker dat vooroordeel sover moontlik uitgeskakel word en dat die korrekte strategieë tydens navorsing toegepas word. Deur metakognitief te werk te gaan, word die etnograaf se denke tot soepelheid en buigbaarheid gedwing. Terwyl absolute objektiwiteit seker nie moontlik is nie, kan die strategiese implementering van meta-kognitiewe observasieprosedures voertuig word daartoe om te verseker dat navorsing so na as moontlik daaraan kom (Du Toit, 1993).

#### 4.3.6.5 *Die etnograaf as kunstenaar*

Die etnograaf is nie 'n koue wetenskaplike wat objektief soek na kliniese feite nie. Die etnograaf streef eerder daarna om vanuit 'n artistiek-literêre perspektief die werklikheid te ontsyfer. Die etnograaf kan vergelyk word met 'n diamantslyper wat se tegniese presiesheid belangrik is, maar wie se sukses

afhanklik is van sy artistieke vermoë om die innerlike skoonheid van die ruwe diamant te kan raaksien en aan die wêreld te toon.

Hoewel daar geen voorskrifte is vir die etnograaf se aanbiedingstyl nie, is dit meestal nie-tegnies. 'n Soepel woordbedrewendheid verleen 'n besliste waardevolle dimensie aan die etnografiese verslag. Die prentjie wat deur 'n bedrewe woordkunstenaar geskilder word, kan baie lewendiger, betekenisvoller en oortuigender wees as bladsye vol syfers en stel Miles en Huberman (1994 : 81) dit as volg:

*“It has a narrative, storylike structure that preserves chronological flow and that normally is limited to a brief time span, to one or a few key actors, to a bounded space, or to all three”.*

Alledaagse stilistiese vorme, soos die wat gebruik word vir reisbeskrywings, koerantberigte en selfs romans word deur Hammersley (1990) aanbeveel.

#### 4.3.7 ETNOGRAFIESE TOERUSTING

Pen en papier is waarskynlik die mees algemene en basiese gereedskap tot die etnograaf se beskikking. Meer gesofistikeerde hulpmiddels soos mikrorekenaars, oudio-bandopnames en video-bandopnames word ook gebruik.

In hierdie studie is die oudio-bandopnemer dominerend gebruik. Die oudio-bandopnemer hou bepaalde voordele en nadele in. Die voordele word deur Fetterman (1998 : 64) as volg verwoord:

*“Tape recorders allow the ethnographer to engage in lengthy informal and semistructured interviews without the distraction of manual recording devices. Tape recorders effectively capture long verbatim quotations, essential to good fieldwork, while the ethnographer maintains a natural conversational flow.”*

Hoewel die transkribering van oudio-bande tydrowend is, hou dit die voordeel in dat die onderhoud volledig vasgelê word en hoef die onderhoudvoerder nie die subjekte se vertellinge neer te skryf nie. Die verdere voordeel van oudio-bandopnames is dat kassette herhaaldelik geanaliseer kan word.

Oudio-bandopnames kan die nadeel hê dat persone geïnhibeer kan voel om vrylik te praat tydens onderhoude, omdat 'n persoon se stem maklik op die kassette herken kan word en anonimiteit dus verlore gaan. Die etnograaf kan hierdie kommer egter minimaliseer deur die vertroulikheid van data te beklemtoon. In die verloop van onderhoude het die persone betrokke die geneigdheid om te vergeet van die bandopnemer as die onderhoud begin vloei.

Die heel belangrikste etnografiese 'instrument' is waarskynlik die navorser self. Hieroor skryf Fetterman (1998 : 31):

*"Relying on all its senses, thoughts, and feelings, the human instrument is the most sensitive and perceptive data gathering tool."*

Die etnograaf registreer inligting deur sy vyf sintuie en via die modaliteit van sy eie individuele persoonlikheid (Zaharlick, 1992).

#### **4.4. SAMEVATTING**

'n Doktorale proefskrif kan nie aangepak word en in 'n filosofiese lugleegte geskep word nie. Soos in hoofstuk een verwoord is daar 'n bepaalde agtergrond vir die ontstaan van die tema van hierdie studie. Hierdie agtergrond het die dekor geskep vir die keuse van 'n kwalitatiewe navorsingsparadigma. Juis waar dit hier gaan oor die skep van 'n kwalitatiewe- en kwantitatiewe tydbenuttingsprogram om uitbranding te voorkom, word hier met die kwaliteite van die subjekte se menswees gewerk. Die etnografiese werkswyse is dan ook verantwoord deurdat daar 'n gespreksverhouding opgebou is tussen my en die ses hoëprofiel adolessente

wat op 'n verhaal van elk uitloop het. Elkeen se verhaal word in die volgende hoofstuk teboek gestel. My eie outo-etnografiese verhaal, soos in hoofstuk een aangesny, kry sy eie slotaflewering in die slothoofstuk.